# Omgewingsgeskiedenis, met Enkele Verwysings na die Vroeë Geskiedenis van Heidelberg

deur

DR. J. I. RADEMEYER

TOE die Voorsitter van die Historiese Genootskap my gevra het om by hierdie geleentheid 'n referaat te lewer het ek besluit om enkele opmerkings te maak oor Omgewingsgeskiedenis. Ek doen dit met 'n bepaalde doel. In die laerskole van Suid-Afrika het Sosiale Studie die eertyds aparte vakke Geskiedenis en Aardrykskunde verdring. 'n Onderdeel van Sosiale Studie is omgewingsgeskiedenis. My bydrae hier tot die vermeerdering van kennis oor hierdie nuwe studierigting moet egter nie vertolk word as sou ek 'n voorstander van die vak Sosiale Studie aan die laerskool wees nie. Dit sy verre van my om hierdie vak nòg aan te prys nòg te veroordeel, aangesien ek daar bloedweinig van af weet. Ek praat suiwer as geskiedkundige. U sal my ook verskoon as ek telkens afwyk van die sentrale tema om na voorbeelde uit die geskiedenis van Heidelberg te verwys.

Wanneer ons die geskiedenis by die kind wil tuisbring geskied dit d.m.v. sekere metodes. Ons uitgangspunt mag wees die chronologies-progressiewe metode waarop die ou Transvaalse geskiedenisleergange gebaseer was: ons begin by die verre verlede en werk dan chronologies na die hede of resente verlede. Daar is die biografiese metode, waar aan die hand van lewensketse die geskiedenis by die kind verlewendig moet word. So is daar talle ander benaderingswyses. Ons uitgangspunt kan ook wees die onmiddellike of verwyderde omgewing van die kind.

Omgewingsgeskiedenis vorm eintlik òòk 'n onderdeel van 'n vak wat in Duits bekend staan as Heimatkunde, in Nederlands as Heemkunde en in Afrikaans kan ons praat van Omgewingsleer of Omgewingskunde. Onder die begrip Heimatkunde word verstaan 'n kennis of studie van die geboorteland. Dit is 'n kollektiewe begrip want dit sluit verskeie studierigtings van die vaderland in, soos bv. die sosiale, geografiese en geografies-historiese.

In die eerste plaas omsluit Omgewingskunde 'n subjektiewe kennisgebied wat die lewelose en die lewende natuur, die volks- en hoëre kultuur omvat, soos wat die sig in onderlinge afhanklikheid en wisselwerking op 'n bepaalde plek en aan 'n bepaalde persoon voordoen. Dit is 'n milieu-studie, 'n studie van die omgewing in al sy uitinge en aspekte. Die opkoms en bloei daarvan val saam met die van die Romantiek van die 19e eeu. Die historiese roman het gewys op die nasionale kultuurgoed en is vandag nog 'n baie belangrike middel om die geskiedenis by die kind gewild te maak. Deur die historiese roman het die mens sy eie volk ontdek en daar ontstaan 'n lewendige belangstelling vir alles wat aan die volk eie is — vir sy taal, sedes en gebruike, sy vertellinge, verhale, sprokies, sages en legendes, liedere, wetenskap, geloof, wysheid en

naïewe kuns. Tans bestudeer mens die omgewing vanuit taalkundige, aardrykskundige, geskiedkundige, natuur-historiese, kunshistoriese en sosiologiese standpunte. Die geskiedenis is hier dus sterk in die gedrang. „Dié studie is 'n totaliteit wat lewende en lewelose in al sy vorme en uitinge, in al sy onderlinge betrekkinge en wedersydse beïnvloeding omvat, as 'n organisme wat sig ontwikkel vanuit die omgewing en as 'n reaksie op die omgewing, as 'n mikrokosmos, 'n wêreld in die kleine met onbeperkte moontlikhede."(1)

Nie alleen in die algemene nie, maar ook in die historiese pedagogiek, is lank reeds verwys na die betekenis van die onmiddellike omgewing vir die opvoeding. Die kind kan nou sy omgewing aanskou en waarneem en die voorstanders van die aanskouingsonderwys mag as die voorlopers van die Heemkunde in die pedagogiek aangewys word. Dit is nie moontlik om hier op die geskiedenis van dié studierigting in te gaan nie. Terloops kan op die volgende gewys word: Die opvoedkundige Vives het 'n oortuigende pleidooi vir regstreekse waarneming van die natuur gelewer. Basedow begin die onderrig van aardrykskunde met die plattegrond van die klaskamer en Pestalozzi kom met lokale aardrykskunde waarby tewens historiese, natuurhistoriese en natuurwetenskaplike aspekte, eweas menslike en burgerlike verhoudinge met die milieu betrek word. Tobler en Henning propageer die idee „van die heem na die wêreld" en „van die kennis van die indiwidu na die kosmos".(2) Ondertussen het filantropiste soos Salzmann en GutsMuths onder invloed van Herder, Schelling en Goethe die kennis van die wêreld gebaseer op die kennis van die omgewing. En mens verwonder sig eintlik dat dit alles nie meer in die praktyk van die onderwys uitgewerk is nie.

Sonder 'n kennis van die vaderland kan opvoeding van weinig waarde wees. Die vaderland bly in belang van enige mens want daaruit ontstaan sy hele geestesiening en oordeel, m.a.w. die mens is 'n produk van sy omgewing. Omdat die plek waarin die mens hom gedurende die eerste 10 jaar van sy lewe bevind, so belangrik is vir sy ontwikkeling kan die studie van die omgewing nouliks oorskat word. Die omgewing is die eerste sosiale milieu waarin die mens hom bevind en wat dan ook sy eerste gevoels- en geestesindrukke bepaal.

Die onderskeid wat daar gemaak word tussen geografiese en historiese vaderlandskennis berus op die feit dat e.g. 'n studie is van die tasbare en sigbare van die vaderland se natuuromgewing self en lg. betrekking het op die gebeurtenisse wat afgespeel het op die bodem van die vaderland. Alles wat dus aanskou kan word en wat huidig so is, behoort tot die gebied van die geografiese vaderlandstudie en alles wat slegs met die oog op die verlede betrag kan word, behoort tot die gebied van die historiese vaderlandstudie. Die historiese behoort dus op die kind se gemoedstemming te kan inwerk en hom vaderlandsbewus instem, terwyl die geografiese hom 'n liefde vir die bodem self met sy natuurskoon moet laat aanwakker.(3)

Die waarde wat die studie van die kind se omgewing in die algemeen kan hê kan nouliks oorskat word. Die kind in die aanvangsklasse van die

(1) Verheyen en Casimir: Pedagogiese Ensiklopedie.
(2) Katholieke Encyclopaedie voor Opvoeding en Onderwijs Dl. II, p. 245.
(3) Rein, W.: Encyklopädisches Handbuch der Pädagogik, p. 153.

laerskool ken alleen sy omgewing. Hierdie aanvanklik beperkte ruimte is nogtans ryk aan inhoud — 'n mikrokosmos met onbeperkte moontlikhede. Dit skep 'n met gevoelswaarde deurtrokke atmosfeer, waarin al sy belewinge ryklik opbloei en wat aan sy wil en denke rigting gee. Dit is sy enigste waarnemingsveld, die enigste milieu waarbinne die prikkels lê vir sy natuurlike totale groei. Die omgewing grawe sy spore alsydig en diep en aan die vangarms daarvan kan mens jou nooit heeltemal ontruk nie en dit bly in jou wese gegrafeer.

Die opvoedingswaarde van die omgewingsgeskiedenis is dat die werklike reste of agtergrond van die historiese gebeure aanskou kan word. Dit is dus konkreet, lewendig en fris. Vir die kind kry dinge betekenis as hy dit self kan sien of waarneem. Ongelukkig kan die Groot Trek nie voor die kind afgespeel word nie, want die geskiedenis herhaal homself nie. Dit is eenmalig. Wanneer ons egter vir die kind die reste van vroeëre beskawings kan toon, bring dit hom in die historiese atmosfeer. Dit kry werklikheidswaarde. Sy opvoeding word nou aktief en funksioneel want dit steun op die wette van die behoefte en belangstelling.

In hierdie verband verwys ek na 'n besoek aan die klipfondamente wat op feitlik elke koppie en rantjie in die omgewing van Heidelberg aangetref word. Aan die kind kan dan meegedeel word dat toe die eerste blankes hier aangekom het, hulle geen Bantoes aangetref het nie. Die baie klipkrale en fondamente van hutte getuig van 'n eens florerende gemeenskap. Ons is nie seker aan welke Bantoegroep dit behoort het nie. Sommige van die krale is selfs baie oud en kon reeds teen 800 of 900 n.C. verlaat gewees het of miskien teen die 13e of 14e eeu.

Sommige mense was nog altyd die mening toegedaan dat hierdie klipkrale deur die Matebeles agtergelaat is. Hierdie bewerings word egter deur die feite geloënstraf wanneer ons Silkaats se bewegings naspoor.[4] Die Matebeles het dus nooit aan die Suikerboschrand gewoon nie. Daarom ook kon die boereleiers in November 1837 dit veilig ag om hulle laers aan die Suikerboschrand agter te laat, terwyl hulle die tweede Strafekspedisie na Kapain onderneem het.

Ons het hier te doen met vormende onderwys want die kind betree die gebied waar groot dramas van die verlede afgespeel het. Dit lei tot deurvoelde bewuswording, tot belewing van die kind-milieu-verhouding. Dit het dus betekenis as lewensegte onderwys omdat dit gewortel bly in die lewenswerklikheid.

Die kind se nuuskierigheid lei hom altyd tot die vraag hoe dinge ontstaan het, waar dit vandaan kom. By omgewingsgeskiedenis het ons 'n gulde geleentheid om aan die kind te vertel hoe die beskawing in sy eie omgewing ontstaan het. Dit sal ook interessant wees om die geografiese omgewing as agtergrond tot die geskiedenis te skets. In die geval van Heidelberg kan aan die kind meegedeel word dat hierdie omgewing op die Voortrekkers 'n gunstige indruk moes gemaak het — vir vee- sowel as graanverbouing. Groot

(4) Smit, J. J.: Die Geskiedenis van Heidelberg, Transvaal (1836 — 1877).

kuddes blesbokke het hulle dors in daardie dae in die Blesbokspruit kom les. In die vroegste Voortrekkerargiefstukke word ook melding gemaak van volstruise en leeus. Gesoute wildebeesvleis is in daardie dae ook te koop aangebied.

Dit sal die leerlinge miskien ook interesseer om te verneem dat die eerste Voortrekker, Louis Trichardt, se wawiele oor Heidelberg gerol het. Hulle het waarskynlik die huidige Suikerboschrandrivier Elandspruit genoem as gevolg van die baie elande wat hulle hier aangetref het. Die trekke was in April dig bymekaar aan Suikerboschrand.

In hierdie stadium het Potgieter met 'n kommissie na Trichardt gaan soek en op 5 Junie 1836 het hulle by die Suikerboschrand aangekom. Teen die rante tref hulle baie suikerbosse (Protea Melifera) aan en noem die plek Suikerboschrand. Tydens die tweede strafekspedisie teen Silkaats was die laers van Potgieter en Maritz aan die Suikerboschrand en het ook Andries Pretorius 'n vlugtige besoek aan die plek gebring.

Ons het hier ook 'n geleentheid om omgewingsgeskiedenis te koppel aan die geskiedenis van die Groot Trek. Ons vertel aan die leerlinge dat na die Italeni-gebeure op 6 April 1838 Potgieter oor die Drakensberge getrek het en in die rigting van Mooirivier koersgevat het. 'n Klein aantal volgelinge het hulle aan die Suikerboschrand gevestig. Teen die einde van 1839 of vroeg in 1840 het kmdt. Pieter Jacobs die Vaalrivier by Viljoensdrif oorgesteek en hulle in hierdie omgewing kom vestig. Die Suikerboschrandse omgewing was dus een van die oudste blanke bewoonde dele in Transvaal.

Volgens die metode van konsentriese sirkels kan die kind se kennis verbreed word deur van die eie omgewing na die res van die vaderland te gaan. Ons laat dan ook reg geskied aan die opvoedkundige beginsel, nl. van die nabyliggende na die verwyderde. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis kan dan bestempel word as die verwyderde omgewing. Die omgewingstudie verruim sig progressief konsentries saam met die geestesontwikkeling en die lewenshorison van die kind. Dit lei tot die aankweek van liefde en waardering vir dit wat eie is aan die kind. Die konsentriese benadering en uitkringende metode lei daartoe dat die eie met die vreemde vergelyk moet word en dit is een van die waardevolste onderwystegnieke. 'n Studie van die omgewingsgeskiedenis wat progressief al moeiliker word voldoen ook aan die psigologiese en logiese leerwette. Dit is tog noodsaaklik dat aanskouing en ondervinding veralgemening moet voorafgaan — van die bekende na die onbekende en van die konkrete na die abstrakte. Ons vertel vir die kind dus eers van Heidelberg, Transvaal, voordat hy verneem van Heidelberg, Duitsland. Die kind leer tog eers sy eie taal voordat hy 'n vreemde taal aanleer!

As die kind sy eie plaaslike geskiedenis as 't ware „ervaar" het sal die nodige entoesiasme vir die vreemde geskiedenis ook nie ontbreek nie. Die ontstaan van ons kledingstukke is tog nie in die tekstielnywerhede van Engeland nie maar wel op die plaas van die groot skaapboer in die distrik.

Elke dorp of stad in ons land het op 'n bepaalde wyse ontstaan en het sy eie geskiedenis wat vir die kind besonder betekenisvol is. Ek neem weer Heidelberg as voorbeeld. As kerkplaas is aanvanklik uitgesoek Langlaagte no.

172. In 1856 was hier reeds 'n rietkerk en selfs 'n woning vir die leraar. Hierdie plaas was 2,000 morg groot. Toe is in 1860 'n gedeelte van hierdie plaas aan H. J. Ueckerman verkoop. Sy doel was om 'n winkel op te rig min of meer waar die huidige skoolraadskantore geleë is. Ueckerman is in Heidelberg, Duitsland, opgevoed. In 1849 is hy in Natal en onderneem handelstogte na Transvaal. In 1861 vestig hy hom op Langlaagte. Die handelsroetes vanaf Natal na Pretoria oor Volksrust en Harrismith het nl. deur hierdie plaas — ook goed bekend as Kerkplaas — gegaan. Die omgewing was mooi en dit het hom aan die stad van sy jeug, Heidelberg, laat dink. Tussen 1861 en 1865 is 'n hele aantal erwe op mense se name getransporteer. Teen die einde van 1865 is begin met die opmeet van die dorp deur T. W. Fannin. Pas nadat hy sy taak voltooi het is hy in Ueckerman se huis oorlede — die eerste persoon om in die ou begraafplaas begrawe te word. 28 Maart 1866 is die offisiële stigtingsdatum van die dorp Heidelberg. Die tyd ontbreek egter om verder op die vroeë geskiedenis van Heidelberg in te gaan.

Wanneer die plaaslike geskiedenis van 'n dorp met die kinders behandel word, is daar 'n paar ander interessante aspekte wat beklemtoon kan word. Ek noem slegs drie voorbeelde en wil dan daarby volstaan. Die eerste is kerkgeskiedenis. 'n Belangrike onderdeel van omgewingsgeskiedenis kan kerkgeskiedenis wees. Die kerkgeskiedenis van Heidelberg is veel ouer as die geskiedenis van die dorp. Suikerboschrand het in 1842 reeds sy eie ouderling en diaken gehad. In 1850 het ds. A. Murray hier besoek afgelê. Tot in 1861 was Suikerboschrand 'n wyk van die gemeente Potchefstroom en as sodanig het ds. Dirk van der Hoff die omgewing dikwels besoek. Vir 'n tydlank het Suikerboschrand ook onder Pretoria geressorteer en is dikwels te Houtpoort kerk gehou. In 1865 is die eerste kerkgebou teen 'n koste van £6,326 afgelewer. Hierdie gebou het op die kerkplein regoor Ueckerman se winkel gestaan. Heidelberg het in 1868 sy eerste predikant, nl. ds. N. J. van Warmelo gekry. In Julie 1872 is die godsdiensverrigtinge wat gepaard gegaan het met die inswering van T. F. Burgers as Staatspresident deur hom waargeneem.

'n Ander belangrike onderdeel van die omgewingsgeskiedenis kan die vroeë geskiedenis van die onderwys wees. Kinders stel daar baie belang in omdat hulle dit onmiddellik met hulle eie onderwystoestande vergelyk. Die Hollandse onderwyser H. van der Linden van Potchefstroom het in 1852 vir 6 weke by sy skoonvader op Kafferskraal onderwys gegee. Teen 1867 was op Heidelberg reeds 'n skooltjie. Dit was gebruiklik dat twee skoolkommissielede gereeld elke maand die skool besoek om te sien of die onderwyser sy werk doen. Behalwe die „drie erre" is o.a. ook geskiedenis as aparte vak aan die laerskool gedoseer — dit is meer as wat ons in 1960 kan sê!

'n Ander interessante onderdeel van die geskiedenis van 'n dorp is die kwessie van straatname. In baie gevalle laat straatname ons herinner aan persone of gebeurtenisse uit die geskiedenis. Hier op Heidelberg is Ueckermanstraat vernoem na die heer H. J. Ueckerman na wie reeds verwys is. Die eerste landdros van die dorp was F. K. Maré. Na hom is Maréstraat vernoem. Die landdroskantoor was min of meer waar die huidige landdroskantoor vandag

staan. In 1866 word J. F. Merz as landdrosklerk aangestel. Na hom is Merzstraat vernoem. In 1861 is ds. A. J. Begeman as predikant van Pretoria bevestig. Omdat Suikerboschrand kerklik onder Pretoria geressorteer het, het ds. Begeman dikwels hier dienste gehou en op 17 Oktober 1864 lê hy die hoeksteen van die permanente kerkgebou. Begemanstraat sal ons dus altyd aan ds. A. J. Begeman herinner.

D.m.v. die geskiedenis van sy omgewing kom die kind tot die ontdekking dat hy tot 'n bepaalde tyd en aan 'n bepaalde plek behoort. Dit vorm 'n noodsaaklike element om die kind in die maatskappy in te lyf.

Die studie van die plaaslike geskiedenis bied egter ook 'n uitstekende geleentheid vir navorsing. Op hierdie wyse word historiese bronnemateriaal ontdek en bewaar. Wanneer die kind self so 'n ontdekking kan doen, het dit vir hom groter betekenis en waarde as die baie feite wat hy soos 'n papegaai uit 'n boek geleer het.

Die omgewingsgeskiedenis bied aan ons bronnemateriaal soos bv. ou tydskrifte, boeke, manuskripte, dagboeke, grafinskripsies, hoekstene, kerke, ou geboue, monumente, verslae en joernale. Daar kan verder ou meubels, wapens, stukke gereedskap en ander implemente opgespoor word — so kan 'n museum opgebou word. Elke dorp sal wel sy eie unieke dinge hê wat dan 'n aansporing is vir die plaaslike trots. Dit onderskei die een gemeenskap van die ander. Ons het nie almal 'n Bloedriviermonument of 'n Majuba in ons omgewing nie, maar elke dorp en distrik kan minstens daarmee spog dat hy 'n geskiedenis het. In sommige gevalle lê dit egter nog verborge en wag net om ontdek te word. Die markplein, die kerksaaltjie, die ou lamppale, die dorp se ou waterskepplek (in Heidelberg se geval die „Bakoond"), die konsentrasiekamp-kerkhoffie, die oer-ou bome langs die strate — almal is sprekende getuienisse van historiese gebeurtenisse uit vervloë of resente tye en van die beskawing wat deur ons voorouers hier geplant is. As die kind die aktiewe deelgenoot kan wees in die opsporing en rekonstruksie van hierdie materiaal, dan begin die geskiedenis werklik vir hom lewe. Die doodsbeendere van die verlede moet nie net herontdek word nie maar daar moet vlees en bloed aan kom. So kry die kind die geleentheid tot selfwerksaamheid.

Die hoofsaak by die omgewingsgeskiedenis is blykbaar dat daar by die kind tuisgebring moet word dat benewens die wêreld- en die volksgeskiedenis ook die kleinste gemeenskap 'n wordingsproses deurloop het, 'n geskiedenis het en dus ook van betekenis is. Dit is noodsaaklik dat ons deeglik kennis moet dra en nota moet neem van wat op die internasionale terrein en in die wêreld om ons plaasvind, maar dit moet nie afstuur op 'n strakke wêreld-patroon van massalewe nie. Deur gedurig te loop en na-aap wat in ander lande gedoen word kom neer op 'n verloëning van dié wat aan ons eie is. „Wil ons die wêreldhorison begryp moet ons uitgaan van ons plaaslike omgewing; wil ons 'n gesonde en intelligente vaderlandsliefde opbou moet ons hier begin; wil ons ons mense en hulle probleme, die wêreld en sy struwelinge beter verstaan, sal ons hier ons uitgangspunt vind."(5)

(5) Dr. Olivier: Handleiding by die Onderrig van Sosiale Studie.